SEPHAKU HOLDINGS LTD

SEPHAKU HOLDINGS BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 2005/003306/06)
Aandelekode: SEP ISIN: ZAE000138459
("Sephaku Holdings" of "die maatskappy" of "die groep")

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2013

Sephaku Holdings is 'n bou- en konstruksiemateriaalmaatskappy met 'n beleggingsportefeulje in die sementsektor in Suid-Afrika. Die maatskappy se kernbeleggings is 'n 36% belang in Sephaku Cement (Edms) Bpk ("SepCem" of "die geassosieerde") en 'n 100% belang in die onlangs-verkrygde Métier Mixed Concrete (Edms) Bpk ("Métier" of "die filiaal"). Die strategie van Sephaku Holdings is om, deur die produksie van sement en voorafvervaardigde beton in Suider-Afrika, groei te genereer en waarde vir aandeelhouers te realiseer.

SEPHAKU HOLDINGS HET SY VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2013 BEKENDGEMAAK.

Die ongeouditeerde, tussentydse resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2013 en vir die vergelykende tydperk, naamlik die ses maande geëindig 31 Desember 2012*, word hieronder ingesluit. Hierdie resultate is nie deur die ouditeure nagesien nie.

- **Inkomste** van **R301,6 miljoen** (geen inkomste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 nie)
- **R33,8 miljoen bedryfswins** (2012: R10,1 miljoen bedryfsverlies)
- **R40,3 miljoen** verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie **("EBITDA")** (2012: R9,8 miljoen verlies voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie)
- **R6,3 miljoen verdienste** (2012: R9,8 miljoen verlies)
- **3,32 sent verdienste per aandeel** (2012: 5,69 sent verlies per aandeel)
- **2,78 sent wesensverdienste per aandeel** (2012: 5,69 sent wesensverlies per aandeel)
- Netto batewaarde **("NBW")** van **398,21 sent per aandeel** (2012: 386,70 sent per aandeel)
- Geen dividende is in die verslagdoeningstydperk verklaar of aan aandeelhouers uitbetaal nie

** Aandeelhouers word verwys na die groep se finansiële jaarstate soos vervat in die jaarverslag wat op 30 Augustus 2013 aan aandeelhouers gepos is, waarin die groep bekendgemaak het dat hulle in opvolging van goedkeuring van aandeelhouers op 11 Januarie 2013, die finansiële jaareinde vanaf 30 Junie na 31 Maart aangepas het. Die vergelykende tussentydse verslagdoeningstydperk is gevolglik as 31 Desember 2012 gedateer.*

KOMMENTAAR

Die verkryging van 100% van die aandele in Métier op 28 Februarie 2013 het tot 'n toename van 512% in die groep se EBITDA en 'n toename van 435% in bedryfswins gelei.

Métier het 'n EBITDA van ongeveer R55,1 miljoen en verdienste voor rente en belasting ("EBIT") van R43,7 miljoen behaal, wat positief bydra tot die algehele groepverdienste van R6,3 miljoen in vergelyking met die R9,8 miljoen verlies vir 2012. Die filiaal se kernbesigheid is die vervaardiging en verskaffing van gehalte voorafvervaardigde beton aan alle marksegmente in Suid-Afrika. Met sy aanlegnetwerk in KwaZulu-Natal en Gauteng is Métier strategies geposisioneer om oor die volgende 12 maande van talle geleenthede tot sy voordeel gebruik te maak. Métier se produkaanbod, wat hoëwaarde-beton insluit, het die filiaal in staat gestel om bogemiddelde marges te behaal.

Die groep se geassosieerde, SepCem, het beduidende vordering gemaak om sy doelwit te bereik om in die eerste kwartaal van die 2014-kalenderjaar sement te produseer.

Die Delmas sementmaalaanleg ("Delmas"), wat in Mpumalanga geleë is, met 'n verwagte produksie van 1,4 Mtpj, is suksesvol aan die Eskom-substasie op die perseel gekoppel. Die elektrisiteit is in Oktober 2013 aan die Delmas primêre elektriese kamer gekoppel. Die distribusie na die hele aanleg sal na verwagting teen die einde van November 2013 voltooi wees. Delmas, wat steeds op skedule en binne begroting is om die konstruksiefase te voltooi, stel tans die aanleg in bedryf en is op koers om met sementproduksie in Januarie 2014 te begin. Konstruksie by die geïntegreerde sementvervaardigingsaanleg, Aganang, naby Lichtenburg, is ver gevorderd en aanvanklike produksie word vir die tweede kwartaal van die 2014-kalenderjaar beoog.

Kortvorm-aankondiging

Hierdie kortvorm-aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure van Sephaku Holdings en is slegs 'n opsomming van die inligting wat in die volledige aankondiging vervat word. Hierdie kortvorm-aankondiging bevat nie die omvattende of volledige besonderhede van die groep se resultate nie. Besluitneming deur beleggers en/of aandeelhouers moet dus gegrond word op en ná oorweging van die volledige aankondiging, wat op 20 November 2013 op SENS vrygestel is, en ook op die maatskappy se webwerf by www.sephakuholdings.co.za verkry kan word. Kopieë van die volledige aankondiging kan gratis tydens kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor aangevra word.

Namens die direksie

Neil Crafford-Lazarus
Finansiële direkteur

Lelau Mohuba
Hoof uitvoerende beampte

Pretoria
20 November 2013

Maatskappy-inligting

Direkteure

B Williams (Onafhanklike voorsitter),
Dr L Mohuba* (Hoof uitvoerende beampte),
NR Crafford-Lazarus* (Finansiële direkteur),
RR Matjiu*, KJ Capes*, CRDW de Bruin,
Dr D Twist, MM Ngoasheng,
PF Fourie, MG Mahlare (Onafhanklik),
PM Makwana (Onafhanklik), JW Wessels#

**Uitvoerend #Plaasvervangend*

Maatskappysekretaris
Jennifer Bennette

JSE-borg
QuestCo (Edms) Bpk

Geregistreerde kantoor
1ste Verdieping,
Hennops Huis
Riverside Kantoorpark
Heuwellaan 1303
Centurion, 0157
Telefoon:
+27 12 684 6300
+27 12 622 9400

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051
Marshalltown, 2017,
Suid-Afrika
Telefoon:
+27 11 370 5000

GREYMATTER & FINCH # 7628